Skrifgedeelte: Genesis 49:1-28

Teksverse: Genesis 49:3-4

Tema: Ruben: die gevolge van sonde bring reuse tot `n val.

Dit is nie net rotse wat mens laat val nie. Soms is dit `n los stukkie mat of `n klein trappie wat mens se voet laat vashaak en wat mens laat val. Só werk dit dikwels ook met sonde. Dit mag dalk maar na iets "klein" in ons oë lyk, maar dit bring mens tot `n val. Dit mag dalk vir ons na iets lyk wat vir ons vryheid kan gee, maar in werklikheid bind dit ons aan negatiewe gevolge. `n Klein leuntjie, `n paar rand wat ek hier of daar steel, `n antwoord en reaksie wat ek in woede en frustrasie gee. Dit alles is klein dinge, maar die gevolge daarvan kan enorm wees.

Dit het Ruben, die oudste seun van Jakob, op `n baie harde manier geleer. Soveel só, dat sy hele nageslag, die stam wat uit hom gekom het, dit ervaar het. Die gevolge van sy sonde het geslagte vêr gestrek. Dit is bykans wat Jakob vir Ruben sê wanneer hy hom in hierdie gedeelte seën. Hierdie seëninge wat Jakob vir sy seuns toesê is nie maar net blote voorspellings nie. Jakob kyk terug op die lewe van elke seun van hom en op grond daarvan sê Jakob wat met elkeen van hierdie seuns gaan gebeur.

Wanneer ons dan na Ruben se lewe kyk, sien ons hoe hierdie reus tot `n val gekom het. In Genesis 29 hoor ons dat Ruben gebore word as Jakob se eerste kind. Ruben word vir Jakob uit Lea gebore - die vrou wat Jakob teen sy wil gekry het toe sy oom Laban hom bedrieg het. Tog is hierdie eerste kind wat Jakob kry só wonderlik, só groot dat hy hom Ruben noem. Ruben beteken "Kyk, `n seun!" Ruben se naam is `n naam van vreugde, van opgewondenheid. Ruben se naam verklap Jakob se blydskap oor die feit dat sy eerste kind `n seun is.

Wanneer ons dan weer iets van Ruben hoor, is dit in Genesis 35 waar `n stukkie familiegeskiedenis vir ons gegee word. Hier word, amper terloops, net gesê dat Ruben by Jakob se slavinvrou, Bilha, geslaap het. Ruben knoop `n seksuele verhouding met sy stiefma aan en al wat ons hiervan hoor is dat daar staan dat Jakob daarvan te hore gekom het. Verder word daar vir ons niks gesê oor hierdie verskriklike ding nie.

Voor Jakob vir Ruben seën in Genesis 49 hoor ons slegs drie keer van Ruben en dat hy iets gedoen het: ons hoor twee keer van hom waar Josef aan die Midianitiese handelaars verkoop word en weer waar hy en sy broers in Egipte gaan kos koop. En by elke geleentheid hoor ons `n onbeskryflike skuldgevoel by Ruben. Elke keer word sy optrede gekenmerk en bepaal deur hierdie skuldgevoel wat hy teenoor sy pa het. Luister mooi na Ruben se woorde elke keer wat hy praat:

"'Nee, ons moet nie hom doodmaak nie. Moenie moord pleeg nie. Gooi hom liewer in hierdie put hier in die veld. Moenie sy lewe neem nie.' Ruben het dit gesê sodat hy vir Josef kon red en hom na sy pa toe kon terugstuur...Toe Ruben terugkom by die put, was Josef nie daar nie. Ruben het sy klere geskeur en teruggegaan na sy broers toe en vir hulle gesê: 'Die kind is weg! Wat moet ek nou doen?'"

"Toe sê Ruben vir hulle: 'Ek het julle mos gesê julle moet julle nie aan die kind vergryp nie. Maar julle wou nie luister nie, en daarom word sy dood op ons gewreek..."

Ruben se hele lewe word beheer en bepaal deur hierdie onsettende skuldgevoel oor wat gebeur en daarom dat hy deur die res van sy lewe weggekrimp het. Simeon en Levi het met hulle optrede die rol van eersgeborenes oorgeneem en Ruben het verdwyn tussen sy broers. Jakob begin deur Ruben te beskryf as die toonbeeld van sy krag en as die vernaamste en die sterkste, want dit was wie Ruben veronderstel was om te wees.

Maar weens daardie sonde - `n tipe wêreldse vryheid wat Ruben wou uitleef - val hierdie reus en verdwyn hy in die geskiedenis. As ons die res van die Ou Testament gaan lees hoor ons hoe hierdie profesie of seën van Jakob waar geword het. Na Genesis hoor ons net `n paar keer van die stam Ruben en wanneer ons van hierdie stam hoor, is dit altyd in `n negatiewe lig. In Eksodus word daar net twee manne uit die stam Ruben se name genoem: Datan en Abiram en hulle name word genoem omdat hulle in opstand teen Moses gekom het en daarvoor is hulle gestraf.

En wanneer die Beloofde Land ingeneem moes word was dit die stam Ruben gewees wat eerste vir hulleself `n gebied geneem het - `n gebied tussen die Edomiete en Moabiete aan die oostekant van die Jordaan, in werklikheid buite die Beloofde Land. Van daar af verdwyn hierdie seun van Jakob se familie in die geskiedenis. Geen goeie woord oor die familie van Ruben nie - die gevolge van sy sonde het hierdie reus tot `n val gebring.

Tog, wanneer ons mooi luister na hierdie lewensverhaal van Ruben is daar vir ons drie baie waardevolle lesse opgesluit.

Die eerste wat ons moet onthou is dat daar `n massiewe verskil is tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament. In die Ou Testament het sonde straf tot gevolg gehad, of daar moes `n offer gebring word om versoening te doen vir die sonde. Jy moes betaal vir jou sonde. Dit is waar hierdie ontsettende skuldgevoel van Ruben ook vandaan gekom het. Hy het geweet dat sy sonde gestraf moes word, maar hy het nie vasgehou aan die belofte van Christus wat sou kom nie.

Daarteenoor is die Nuwe Testament vol van die verkondiging van versoening van ons sonde. Christus se sterwe aan die kruis het volkome betaal vir ons sonde en juis om hierdie rede word ons nie meer vir ons sonde gestraf nie. As ons maar alleen vashou aan Christus en aan Christus alleen, word al ons sondes ons vergewe en word die straf van ons sonde weg geneem. Indien ons nie aan Christus vashou nie, dan gaan ons sonde nog gestraf word, maar dit gaan slegs gebeur met die oordeelsdag.

Die tweede waarheid wat ons moet vashou is dat daar egter steeds gevolge is wanneer ons sonde doen. Wanneer ons ons vryheid buite Jesus Christus soek en ons soek dit in genot of wat vir ons lekker is of ons probeer self wraak neem wanneer daar verkeerd teen ons opgetree word, dan sal daar gevolge wees en daardie gevolge moet ons dra.

Die derde waarheid wat vir ons `n opdrag is, is dat ons wakker moet slaap en nie die sonde vatkans moet gee nie. Wat ons doen beïnvloed ons lewe op `n radikale wyse en wanneer ons Jesus Christus voor oë hou wil ons tog juis optree op só `n manier dat God in en deur ons lewe geëer word. Dit kan ons alleen doen wanneer ons teen die sonde stry en aan Christus vashou.

Kom ons sny hierdie opdrag nog skerper in op twee verhoudings: die verhouding tussen ouer en kind (in die besonder pa en kind) en dan op die verhouding tussen die geestelike leiers en die gemeente. Pa's, ouers, as julle een ding uit die verhouding tussen Jakob en Ruben wil leer, leer dit: moenie die

sonde van jou kinders ongesien en onaangeraak laat verbygaan nie. Jakob het te hore gekom van Ruben se sonde met Bilha en hy het niks gedoen nie. Hy het bloot net te hore gekom.

Tree, as geestelike hoof van jou huisgesin, op wanneer jou kind in sonde val. Wys tereg. Tel hom of haar in liefde op wanneer hulle val. Wys hom of haar na die liefde en soendood van Christus toe. Bid saam met hom of haar oor hierdie sonde en dat hy of sy sal onthou dat Christus vir hom of haar gesterf het. Moenie in stilte ander pad kyk nie. As geestelike hoof is dit jou verantwoordelikheid om jou kind te leer en te vorm. Wys vir jou kind dat optrede sekere gevolge het en dat mens met daardie gevolge moet saam leef.

En geestelike leiers, ouderlinge, groepsleiers en diakens, ons moet waak oor hierdie gemeente van die Here. Ons mag nie en kan nie stilbly wanneer ons as gemeente aanhou om in stilte te sondig nie. Ook hier het ons die verantwoordelikheid om lidmate en die gemeente self tot inkeer te roep en aan te spreek wanneer ons nie gehoorsaam is aan die roeping wat die Here vir ons gee nie. Ook op hierdie vlak is daar gevolge wanneer ons nie in gehoorsaamheid leef nie. Sekerlik die mees skrikwekkende voorbeeld hiervan is die gemeentes waarvan ons in Openbaring 2 en 3 hoor. Die gevolge van hulle sonde was dat God daardie gemeentes laat ontbind het. Hy het hulle lamp van sy staander af weggeneem.

Ons, as Gereformeerde Kerk, die NG Kerk en die Hervormde Kerk was voor 1994, selfs 1999, die reuse in die kerklike wêreld in Suid-Afrika. Was ons as kerklike leiers se stilswye oor die sonde in die kerk van toe nie die rede waarom al drie hierdie kerke tot `n val gekom het nie? Is dit nie dalk tyd dat ons as kerkverband ons sonde voor die Here bely en weer begin om volgens die wil van die Here te lewe nie? Dit is ons, as die geestelike leiers van hierdie gemeente, se verantwoordelikheid om die gemeente tot bekering te roep oor die sonde wat ons doen.

Daar is gevolge aan sonde, selfs al is die straf deur ons Here Jesus Christus weg geneem. Hierdie gevolge kan reuse tot `n val bring - selfs kerklike reuse wat in vroeër jare nie gehoorsaam was aan die Woord van God nie.

Amen.